

1 November

Skrifgedeelte: Openbaring 7

Fokusgedeelte: Openbaring 7:9-10

Die Almagtige God merk en reinig sy dissipels

Ons moet kerk wees in 'n tyd waar dit moeilik gemaak word om kerk te wees. Vir die wêreld is die kerk se boodskap nie 'n gewilde een nie, daar is spot en verleiding. Daar mag erger vervolging wees. Een ding weet ons: Die Seun regeer met alle mag aan die regterhand van die Vader. Hy is die Lam wat waardig is om die seëls oop te maak. Hier maak Hy die sesde seël oop: ons kom in God se versekering dat wat sal gebeur, vas is in sy heerskappy, by die eindoordeel met die sesde seël. Die magtiges en rykes, ook die slawe en alle mense wat nie glo nie, kruip weg in grotte en onder kranse in die berge. Berge val op ons, heuwels bedek ons!

Die Here wat alle mag het, wys deur Johannes vir ons waar die kerk op daardie dag is: die 144 000 uit elke stam, die volle Ou-Testamentiese kerk, is gemerk en in veiligheid afgesonder. Ook 'n ontelbare menigte uit elke nasie, stam, volk en taal staan voor die Lam skoongewas. Hulle is die dissipels uit die groot opdrag, die gedooptes, rein gewas in die bloed van die Lam. Hulle weet wat dit beteken dat die Here Jesus gesê het: Ek is by julle al die dae ... Hulle roep uit: Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!

Die Lam sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die tranes van hulle oë afdroog. As ons nie geweet en geglo het dat dit die uiteinde is nie, het ons nie vir die groot opdrag kans gesien nie. Nou is ons voorbereid, nie in die duister oor die waarom van alles nie. God, Almagtig, Skepper en Verlosser, is op die troon. Hy het sy Lam gestuur tot ons redding. Hy stuur ook alles na sý uiteinde toe tot ons redding.

Hierdie wete behels nou ook die bereidwilligheid om lewende offers te wees – getuies vir die wêreld, dienaars. Die merk en die skoongewas wees is nie maar net 'n stempel nie: Dit raak hart en siel, verander jou lewe. Jou kerkwees sal net dissipelskap wees wanneer jy nie jou wêreldjie in isolasie sien nie, maar God se toekoms voor jou en vir jou sien oopgaan, omdat Hy sy belofte hou en tot in ewigheid jou Here is.

Sing: Psalm 103:7, 8 (2001)

Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)

2 November

Skrifgedeelte: Genesis 1

Fokusgedeelte: Genesis 1:1

God stig in sy grootheid met ons 'n verhouding van persoonlike gemeenskap

Met die heel eerste woorde van God se Selfopenbaring kom staan Hy in almag en grootheid in ons gesigveld. Wie gelowig kyk, sien nie hemel en aarde nie, maar vir God: soewerein en vrymagtig. Sonder dat iets dit veroorsaak of beveel het, tree God op. Hy doen dit in absolute vryheid. God skep 'n begin – voorheen was net God daar, van ewigheid af, onmeetbaar. Daar was niks anders nie. Uit niks kom met die stelling van een sin, die hemel en aarde tot stand. God wou dit skep, Hy het uit niks die heelal geskep.

God tree op en daar is geen teenstand nie – alles is skepsel en soos klei in sy hand om te formeer en lewend te maak. Die onbewoonbaarheid en die duisternis word met sy Woord geskik en georden om lewe te onderhou. Dan gee Hy lewe. God kondig Homself aan as Skepper, Bron van alles, Lewegewer. Voor Hom is alles ondergeskik, want dit is maaksel en Hy die Skeppergod. Tog is alles goed en diensbaar aan Hom. Dit is aan Hom gebind in afhanklikheid: daar is 'n verhouding tussen God en sy skepping, maar geen inisiatief vanuit die skepping nie. God neem alle inisiatief.

In ses skeppingsdae loop God se vrymag uit op die skepping van alle dinge, uiteindelik die mens as kroon van die skepping. Verhouding tussen Skepper en skepsel word persoonlike gemeenskap met die mens, ons. Die grote God stel Homself in sy Godheid as Vader oor sy mensdom, maak in persoonlike liefde bemoeienis met die ondergeskikte. Hoe klein moet ons nie wees wanneer ons besef dat selfs ons sonde en dwaling nie sy liefde laat verdwyn het nie.

Dit vlam op in 'n onbegryplike offer wanneer Hy sy Eniggebore Seun gee sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. Die Seun is die Lig vir die wêreld – Hy verlig ons. Deur die leiding van sy Gees leef ons in persoonlike gemeenskap met God. Ons leef in afwagting op die dag van die nuwe hemel en die nuwe aarde, wanneer ons in sy volle lig sal wees.

As elkeen van ons maar net bo alles die koninkryk van die hemel en God se wil gesoek het ... Hoe sou God se grootheid nie geskyn het nie, hoe sou ons nie in die wêreld sý lig laat skyn het nie. Hoe duidelik sou die kerk dan nie geblyk het sy liggaam te wees nie!

*Sing: Psalm 97:1, 4 (1936); Psalm 97:1, 2, 4 (2001); Skrifberyming 2-2:1
Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)*

3 November

Skrifgedeelte: Matteus 28

Fokusgedeelte: Matteus 28:18-20

Kerkwees is dissipel van die Almagtige God wees

Die soldate kry 'n groot som geld, byvoorbaat 'n groot beloning, om die boodskap uit te dra: Jesus se dissipels het sy liggaam gesteel om te kan sê dat Hy opgestaan het. Daar is getuienis dat hierdie boodskap baie effektief uitgegaan het. 'n Boodskap van omgekooptes vir finansiële gewin. Matteus se fokus en die klimaks van sy skrywe is die uitstuur van swakke mense wat Jesus se broers geword het (vs 10) in 'n koninkrykstaak sonder finansiële borg of gewin, maar met die wete: Al het Hy opgevaar hemel toe, Hy is by ons, al die dae ...

Geld en glans, fanfare en gewildheid, sal nie die kerk van die Here dra nie. Hy, die Koning Jesus Self, dra sy kerk. Hierdie opdrag en belofte strek verder as net aan die dissipels/apostels. Dit reik oor al die dae tot die voleinding en sluit ons as kerk vandag in. Geld, geleentheid en gewildheid is volop vir dwaalleraars. Vir ons as kerk is daar 'n wonder wat alle belonings oortref: Hy wat alle mag kon verkry het sonder 'n kruis, slegs deur die duiwel te aanbid, het nou deur kruis en opstanding oorwin en ALLE mag ontvang. Hy stuur sy kerk in sy heerskappy van liefde om van al die nasies dissipels te maak.

Jou doop in die Naam van die Drie-Enige God bevestig dat jy dissipel is, dissipel wat onderrig is en steeds onderrig word. Dit is onderrig wat nie op blote kennis gerig is nie, maar op dissipel wees. Jy kan dit wees met die versekering uit jou doop dat die Drie-Enige God in sy almag by jou en ons almal is, al die dae. Glo jy dit vas, sodat jy sorg dat jy in ALLES wat Hy beveel onderrig word (vs 20) en dit onderhou?

Kerkwees sonder dissipelskap is 'n innerlike teenstrydigheid. Belydenis sonder volle toewyding is 'n leë dop. Aksies en programme kan nie herstel waar nie uit die teenwoordigheid van die Almagtige God in liefde geleef word nie, waar nie gehoorsaamheid uit liefde is nie, waar nie die lig van die geloof uitgedra word nie.

*Sing: Skrifberyming 12-3; Skrifberyming 15-1:2, 3, 4
Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)*

4 November

Skrifgedeelte: Genesis 12:1-9

Fokusgedeelte: Genesis 12:1-4

Wat gaan hulle onthou?

Wat gaan die mense rondom jou onthou van jou wanneer jy nie meer daar is nie? Wat is die nalatenskap wat jy agterlaat? Nie almal wil daaraan dink nie, veral nie as mens nog jonk is nie, maar dit is iets waaraan ons elkeen moet dink. Hoe wil jy hê mense moet jou onthou?

Abraham was gelukkig en gemaklik met sy lewe. Hy het vriende en familie rondom hom gehad, en hy was ook 'n baie ryk man. Soos ons weet, het Abraham egter nie 'n nageslag gehad om dit mee te deel nie, en hy moes geweet het dat sy naam, as hy tot sterwe sou kom, vergeet gaan word.

Dan kry hy 'n bevel, 'n oproep van die Here af om te trek, om alles te los en vir die Here te luister. Die kans om iets meer te wees, die kans om die aartsvader van 'n volk te wees, die kans om 'n verskil te maak.

Die mooi van Abraham se gesindheid sien ons in vers 4, *gehoorsaam aan die Woord van die Here!* Vir ons gaan gehoorsaamheid nie noodwendig beteken dat ons al ons goed moet oppak en die boendes invaar nie. God plaas ons in sekere omstandighede met 'n rede. Hy gee vir ons talente en gawes, Hy gee vir ons roepings, beroepe om uit te leef, Hy gee vir ons mense rondom ons. Wat gaan daardie mense van jou onthou? Gaan hulle onthou dat jy iemand was wat in 'n persoonlike verhouding met jou Verlosser en Koning, Jesus Christus, gelewe het, of gaan hulle vir jou verskonings moet soek, dieselfde verskonings wat ons self ook baie keer gebruik?

Die Here praat met ons, luister mooi, en los 'n nalatenskap wat 'n verskil maak!

Sing: Psalm 31:1, 2

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

5 November

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:41-43, 54-61

Fokusgedeelte: 1 Konings 8:60

Wat is die belangrikste?

In die tyd van Salomo was daar net een volk gewees wat kon sê dat hulle die spesiale en uitverkore volk was. Dit is die volk van Israel. God het 'n spesiale belofte aan hulle gemaak, dat Hy vir hulle 'n God sal wees, en hulle vir Hom 'n volk. In die tyd van Salomo, terwyl hy as koning die volk gelei het, het daar in Israel 'n ongekende gevoel van gehoorsaamheid geheers. Onder sy leiding het die volk na die Here toe teruggekeer, daar was 'n grootskaalse herlewing en omkeer in die harte van die volk Israel te bespeur.

Dit maak Salomo se smeekebed en seën soveel meer spesiaal. Dat hy uitdruklik noem dat almal voor God moet buig, dat almal moet weet dat God die Here van hemel en aarde is. Hierdie woorde word soveel later deur ons Here Jesus op sy dissipels se harte gedruk: Matteus 28:19-20: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Wat is die belangrikste vir ons? Om ons eerste prioriteit, om God se volk te wees, uit te leef. Om ons broers en susters in die geloof, onder al die nasies, te gaan opsoek, te versterk, te deel, saam te werk. Dit is die opdrag van die Here af. Dat almal voor sy Almag sal buig.

Gaan ons nie eendag in elk geval almal saam God vir ewig in die hemel loof en prys nie?

Ons is eerstens Christene, gelowige kinders van God, die res kom eers daarna. Dan sal al die volke van die wêreld besef die Here is God, daar is nie 'n ander nie!

Sing: Psalm 103:1, 7

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

6 November

Skrifgedeelte: Psalm 67 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 67:8

Die oes is groot

November is planttyd. In party dele van die land raak dit al laat om te plant, maar in sekere dele kan boere nog die hand aan die ploeg slaan. In Psalm 67 word die aandag gevestig op oestyd. Die aarde het sy opbrings reeds gelewer. God het sy seën gebied. Die boere kan met dank terugkyk. God se seën oor die gesaides het egter nie sommerso uit die lug geval nie. Die HERE werk deur middel van die boer se arbeid. Dit wat nie gesaai en bewerk is nie, kan nie groei en tot wasdom kom nie. Die HERE seën die harde werk van almal wat Hom dien. Die oes is groot.

In Psalm 67 gaan dit ook oor 'n ander oes. Soos wat die boer sy saad in die grond saai, so moet die saad van die evangelie gesaai word. Dit moet nie net binne die grense van Israel gesaai word nie. Psalm 67 stel die visier wyd. Die mense op aarde moet die weë van die HERE leer ken. Volke wat in die duister van afgodery en onkunde leef, moet die lig van die waarheid leer ken. Hulle moet die enige ware God, die verlossing in Jesus Christus, die kragtige werk van die Heilige Gees leer ken. Dan kan hulle ook bly wees en jubel, net soos die volk Israel. Die priesterseën wat in Jerusalem uitgespreek word (vs 1), moet wêreldwyd grondvat en beleef word.

Uiteindelik moet al die volke saam die Here loof. Op Pinksterdag bereik Psalm 67 'n hoogtepunt. Mense hoor elkeen in hulle eie taal van die groot daade van God. Vanaf Jerusalem gaan apostels na Judea en Samaria en die uithoeke van die wêreld om die verlossing in Christus te verkondig. Volke leer om God te loof.

Vandag moet daardie kosbare werk voortgaan. Daar kom dae wat 'n mens wil moedeloos raak oor die werk. Die oes is groot en die arbeiders is min. Aan die begin van die seisoen, as die boer sy saad in die grond sit, sien hy nog nie hoe die seisoen gaan verloop nie. Maar hy leef wel in afwagting van die oes. So moet ons as gelowiges aanhou saai en natmaak. God, onse God, sál seën, God sál ons seën en al die eindes van die aarde sál Hom vrees. Doen jy maar net jou werk.

Sing: Psalm 67:1 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

7 November

Skrifgedeelte: Psalm 87 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 87:6

As die HERE begin tel

Die kinders van Korag sing 'n Psalm, 'n lied. Hulle sing van die HERE, die God van die verbond. Die HERE het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob. Dit beteken nie dat die HERE die wonings van Jakob nie liefhet nie, intendeel. Hy het sy verbondsvolk intens lief. Hy koester sy kinders met 'n Vaderliefde wat ons beperkte begrip ver te bowe gaan. Tog het Hy die tempelpoorte van Sion nog meer lief, want in sy tempel verbind Hy Homself sigbaar en tasbaar aan sy volk. Dáár word die offers van versoening gebring, word sy reg verkondig, laat Hy sy seën uitspreek.

Die grondvesting van die tempel is op heilige berge. Jerusalem is die hart van Israel. Vanuit die tempeldiens in Jerusalem skitter die HERE se goedheid en guns wyd en syd. As dit nie was vir die grondvesting op die heilige berge in Jerusalem nie, was niks in Israel op vaste grond nie. Dan het alles op losse skroewe gestaan. Dan was daar geen lewe moontlik nie.

... Ook nie buite Israel nie. Die HERE laat sy lig allereers in Israel skyn, maar laat dit nie vir altyd net daarby bly nie. Ook Rahab en Babel sal van die HERE hoor. En Filistea en Tirus, saam met Kus. Mense uit die goddelose Egipteland en die vyandige Babel in die noorde, aartsvyande van Israel uit die buurland van die Filistyne en uit die noordwestelike Tirus vanwaar die bose koningin Isebel gekom het, selfs uit die verafgeleë Etiopië (Kus) maak die HERE sy geloofsvolk bymekaar en ent hulle op die Sion in (Rom. 11).

En dan begin die HERE tel. Soos wat Hy die mense uit al die volke opskrywe, tel Hy hulle. Hierdie een is daar gebore. O nee, God tel nie soos 'n mens tel nie. Ons tel en raak moedeloos omdat ons dink dis te min. Of ons tel en kry grootkop omdat ons dink dis baie. God tel anders. Daar is vrolikheid as Hy tel. Gelowiges drink uit die fontein van lewende water, Jesus Christus. Daardie getal gelowiges is genoeg. Nie een te veel nie, nie een te min nie.

Met alle statistieke en strategieë moet ons geïnspireer bly deur God wat tel. Baie word geroep. Min is uitverkies. Daardie min is genoeg vir Hom. Genoeg vir ons om sy Woord met wjer aan 'n wêreld in nood te bedien. En vrolik te wees.

Sing: Psalm 87:5 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

8 November

Skrifgedeelte: Psalm 96 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 96:1

Dís nuus!

'n Mens kan in weelde verdrink. Ook in die weelde van die evangelie en die weelde van kerkwees. Psalm 96 maak ons oë wawyd oop daarvoor. Israel word opgeroep om 'n nuwe lied te sing. 'n Nuwe lied? Waaroor? Oor die wonders wat die HERE gedoen het. Maar dit is mos ou nuus? Sy magtige werke, soos wat dit in sy skepping en in die geskiedenis van die volk Israel skitter, is deur en deur vir elke Israeliet bekend. Van geslag tot geslag word daarvoor gepraat. Van kleinsaf word kinders daarmee groot. Daarvoor hoef hulle tog nie 'n nuwe lied te sing nie!?

Ja, so verdrink 'n mens in die weelde van die evangelie. Die groot dinge van die HERE word gewoon. God word gewoon. Die nuus is uit die nuus uit. Intussen bly die opdrag van Psalm 96 staan. Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied. Sy heil moet van dag tot dag verkondig word. Die evangelie moet vars bly. Dit mag nooit so gewoon word dat ons klein daarvan begin dink nie. Bid dat die Gees van God ons harte brandend hou om die evangelie altyd weer met blydschap te ontvang en met verwondering aan te hoor, ook al is ons hóé vertrouwd met die inhoud daarvan.

Psalm 96 leer ons tegelyk iets anders. Die lied van Christus se evangelie sal en moet altyd nuut bly, omdat dit onder die nasies versprei word. Mense wat die evangelie nog nie gehoor het nie, kry in alle opsigte nuus. Hulle is verkleef aan gode wat nietigheid is (vs 5). Die nuwe lied wat hulle uit jou mond mag hoor, is: daar is sin in die lewe. Teenoor die stomme afgode en ver bo die nietige afgode staan die Vader in die hemel wat alles geskep het en onderhou.

Volke moet geleer word Wie hierdie God is. Ons God en Vader in Jesus Christus! Hulle moet dit hoor by gelowige Christene wat met oortuiging 'n nuwe lied sing en hulle lewe as heilige, welgevallige offer vir God aanbied (Rom. 12:1). Hoe meer jy met mense praat wat God nie ken nie, hoe meer besef jy wat die krag van die evangelie is. Die lied wat ons sing, is nuut. Dit sal altyd nuut wees. Want Christus is Nuus. Wêreldnuus.

Sing: Psalm 96:1 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

9 November

Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-7

Fokusgedeelte: Jesaja 49:5, 6 (1933/53-vertaling)

Ek maak jou 'n lig vir die nasies

Hoe sinryk is die Here se liedere. Ook dié in Jesaja. Die lied van die Landbouer in hoofstuk 5; van koning Hiskia in 38; van die waterverkoper in 55 ...

Ons fokus op die tweede van Jesaja se vier Diensknegliedere (42:1-4; 49:1-6; 50:4-9 en 52:13-53:12). Hierin word die komende Messias, Jesus Christus, al duideliker bekend gestel. Ons hoor hoe Hy, deur God van die moederskoot gevorm, as roeping sou hê om Israel na die Vader terug te roep. Selfs heerliker, om ook vir die heidennasies 'n lig te wees.

Die Nuwe Testament wys hoe die beloftes in die Diensknegliedere vervul is. Hoe Hy, Dienskneg, gebore uit die moederskoot, na Israel, sy eie mense, gekom het; sy lewe vir die skape afgelê het. En deur sy lyde en dood tot versoening van sonde, sy Vader se volle wil volbring het.

Tog, al is hierdie lied oor God se dienskneg by die 2 800 jaar oud, is dit ver van verouderd. Trouens, waaroor dit gaan, is steeds aan die gang. Elke dag dra Christus die lig van God se reg en sy verlossende genade tot aan die uiterstes van die aarde uit. Die seën moet elkeen wat God uitverkies het, bereik.

'n Trefferlied hoort dit vir ons elkeen te wees. Want sien, Christus, Dienskneg van God, dra die genadelig uit deur sy kerk. Ook deur jou en my. Onthou wat Hy gesê het: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21). En: "Julle is die lig van die wêreld. Julle is die sout van die aarde" (Matt. 5:14; 13). Watter genade. Wat 'n heerlike voorreg dat God my in sy heilige koninkryksbou gebruik!

Sing: Psalm 119:5, 26

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)

10 November

Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-12

Fokusgedeelte: Jesaja 60:1-3 (1953-vertaling)

Nasies kom na jou lig toe

Die heerlijkheid van God het oor Sion opgekom. Die stad op 'n berg, gemeente van die Nuwe Testament, lê wel in 'n donker wêreld. Tog skitter dit, want die hemelse lig van Christus skyn daarop. Dit skitter.

Dit straal hierdie lig uit sodat die stad nie verborge kan bly nie. Dit lok die heidene om óók van die weelde te wil geniet. Selfs konings kom na die glans van Christus wat oor die gemeente opgekom het.

Dis dan die profesie. Hoe heerlijk is dit reeds ten dele vervul. Die kerk is gevestig en kon groei. En die lig van verlossende genade en God se kon reg in die donker wêreld skyn. En 'n menigte, selfs konings, is en word steeds daardeur aangetrek.

Tog, waarom is so baie steeds ver van die genadelig? Dalk ook omdat daar soms in gemeentes min of niks te sien is van die glans wat van haar moet uitstraal? Min terugskyn van die lig wat oor haar opgekom het?

Staan op, sê Jesaja. Moenie in donker en vaagheid bly lê nie. Laat skyn jou lig! Vra: Sien die wêreld werklik die glans van Christus in my optrede, my praat, my ingesteldheid? Gloei daar in my, straal daar van my iets wat van bo is? Of is ek dof en somber en moeg? Donker en droefgeestig? Dan is dit nie vreemd dat die wêreld ver van Christus bly staan nie.

Wat aantrek, is 'n stralende lewe, waarvan Christus die lig en die blydskap is.

Sing: Psalm 86:5

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)

11 November

Skrifgedeelte: Sagaria 8:14-23

Fokusgedeelte: Sagaria 8:20-23 (1983-vertaling)

Ons wil saamgaan, want God is by julle

Israel was hier 'n klein groepie ballinge, van alles beroof. Sou omliggende volke, ryk in kultuur en mag, hulle beny waar hulle na hulle verwoeste land terugkeer?

Allermens. Tog, Sagaria profeteer dat juis dít sou gebeur. In beeldspraak beskryf hy hoe tien heidene uit al die nasies één Joodse man se kleed sou vasgryp om tog saam na Jerusalem te gaan; soos daardie vrou Jesus se kleed, smekend om hulp. Hulle wóú saam, móés eenvoudig saam. Nie omdat Jerusalem veel was nie, maar omdat hulle gehoor het dat God met die Jode was. En hulle het tot die geloof gekom dat by God alleen rus te vind was.

Maar Sagaria sien dieper en verder: hoe die kerk uitbrei; die evangelie in verskillende tale ... Verskillende nasies wat die kleed van die Joodse Man, Jesus Christus, sou vasgryp. Selfs die getal is vervul: tien, getal van volheid. Die volle getal van God se uitverkorenes sou gryp na die kleed. "Ons het die Woord gehoor, daarom wil ons met julle saamgaan!"

Hoe gryp die betekenis mens aan. Jy leef daagliks voor die oë en ore van tientalle; honderde. Hoeveel van hulle is ongelowig, maar dalk tog deur God uitverkies om ook die salige sekerheid van sondeversoening deur Christus te kry? Deur my! Daarom bring God mense naby my; maak Hy my naaste.

Die vraag is nou: Wat sien hulle in my? Wek ek deur stralende, dankbare geloofsbydskap so 'n heilige jaloesie by hulle op? Wil hulle ook my vasgryp dat ek hulle na sy kerk meesleur, omdat hulle ook wil wees waar God is? Hulle sy heerlikheid by my leer ken het? Aan my praat en aan my doen?

Sing: Skrifberyming 15-7:2, 3

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)

12 November

Skrifgedeelte: Matteus 24:1-14 (1933/53- en 1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 24:14

God se Koninkryk is goeie nuus!

Wanneer ons hoor van alles wat voor die Here Jesus se wederkoms sal gebeur, is daar baie slegte nuus. Oorloë, hongersnood, vervolging ... selfs kerkmense se harte sal koud word vir die evangelie. Tog sal nie alles sleg wees nie. Iets wonderlik sal voor Jesus se wederkoms gebeur! Die evangelie sal aan alle nasies en volke verkondig word. Dis 'n belofte wat Jesus hier maak: *“En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom”* (vs 14).

Die woord evangelie beteken “goeie nuus”. Waarom is die koninkryk van God goeie nuus? Wel, die wêreld is sedert die sondeval in die wurggreep van Satan – die owerste van hierdie wêreld. Dis waarom die wêreld so stukkend is. Dis waarom daar siekte en dood en hartseer en misdaad en oorlog en ouderdom en depressie en egskeiding en eensaamheid is. Dis waarom baie mense hulleself elke nag aan die slaap huil. Satan is alles behalwe 'n goeie koning en sy koninkryk verwoes en saai chaos. Genadiglik is daar ook 'n ander koninkryk – God se koninkryk!

Daar is ten minste sewe redes waarom die koninkryk van God goeie nuus is:

1. God se koninkryk is 'n koninkryk van liefde. God is liefde. Hy is lief vir alles wat goed en reg is. In sy koninkryk is daar nie plek vir die bose en slegte nie.
2. God se koninkryk is onwankelbaar. God is almagtig. Hy is die ewige Hemelkoning. Sy koninkryk kan deur geen vyand oorweldig word nie. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. (Lees gerus Hebreërs 12:28, Daniël 6:27b en Lukas 1:33).
3. God se koninkryk sal alle vyande vernietig (Matt. 13:41-43). Satan, al sy magte en navolgers sal oorwin en gestraf word. Stel jouself voor: 'n nuwe aarde en hemel – vry van Satan, sonde en sondaars. Wat 'n blye vooruitsig!
4. God se koninkryk is 'n ryk van genade. Nie almal word vernietig nie. Die min wat uitverkies is, word uit genade gered. God het die straf wat ons verdien, op Hom geneem. Hy het sy Geliefde in ons plek gestraf tot die dood om ons met sy seën te vul. Ons sonde word vergewe. Uit genade is ons gered.
5. God se koninkryk is 'n ryk van nuwe lewe. As koninkryksburgers moet ons 'n nuwe lewe, 'n geesvervulde lewe lei. Paulus skryf: *“Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag”* (1 Kor. 4:20). Deur sy Gees skenk Christus die nuwe lewe. In Jesus se Bergpreek vind ons 'n voorsmakie van hoe so 'n lewe lyk.
6. Dis 'n koninkryk van toekomstige heerlikheid. Ons het dit nog nie. Ons sal dit in die hemel ontvang. Almal in die koninkryk sal heerlikheid ontvang. 'n Nuwe liggaam, vry van sonde, volmaakte vrede, vreugde en blydschap.

7. Dis 'n koninkryk van intieme gemeenskap met God. Dis die allerbeste! Almal in sy koninkryk het gemeenskap met Hom. Jy is nie net 'n burger van die koninkryk nie, maar 'n seun en dogter van God. Hy het ons lief.

Dis die beste nuus wat jy ooit sal hoor! Ons mag dit uitjubel: Here, u koninkryk is asemrowend! Dit verskaf vreugde. Dis heerlik om na uit te sien! Glo dat die goeie nuus waar is. Hoe kan ons dit vir onself hou? Deel dit, verkondig dit, leef dit!

Sing: Skrifberyming 1-4:1-4
Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)

13 November

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38 (1933/53- en 1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 9:36-38

Die *Portret, Probleem, Plan* van God se Koninkryk!

Ons fokusverse kan maklik in drie hoofpunte saamgevat word:

- In vers 36 kyk die Here Jesus na die skare mense by Hom en sien hulle soos hulle werklik is – Hy vorm ’n geheelbeeld (portret);
- In vers 37 identifiseer Hy (die probleem) – die mense is hulpeloos, uitgeput, herderloos ...
- en in vers 38 bied die Here die enigste oplossing (die plan) – gebed.

Jesus vorm ’n geheelbeeld – skilder ’n PORTRET

Jesus het na die massa mense om Hom gekyk. Hy het hulle gesien soos hulle werklik is. Die opregtes en die huigelaars. Die noodbehoewendes en die sensasiesoekers. Meer nog: Hy het in hulle harte, in hulle diepste siel ingekyk. Hierdie mense voor Hom was moeg. Geestelik uitgeput en oorlaai. Die godsdiensteikers van hulle tyd het ’n ontsaglike swaar las op hulle gelê. Die Romeinse owerheid het hulle in hulle eie land oorheers en verslaaf. Ons lees: *“Hy het hulle innig jammer gekry”*, met ander woorde, dié hopelose toestand het Jesus diep geraak.

Jesus identifiseer ’n PROBLEEM

Jesus het geweet dat die tyd min en die werk ontsaglik baie was. Daarom lees ons aan die begin van hoofstuk 10 hoedat Hy sy dissipels nader roep en aan hulle die mag oor onreine geeste gee, om hulle uit te dryf en om elke siekte en kwaal te genees. Hierdie 12 manne sou sy medewerkers wees. Later sou nog 70 uitgestuur word. En nog later, na die uitstorting van die Heilige Gees, sou ’n hele weermag van dissipels die wêreld ingaan met die Blye Boodskap van Verlossing op hulle lippe.

Hierdie feit sou altyd bly staan. Die oes is duiselingwekkend groot en die arbeiders maar yl gesaai. Dis die groot PROBLEEM. Die oes is te groot vir hierdie handjievoller werkers. Dis ’n saak van groot erns. ’n Saak wat heel bo-aan die Koning se hemelse agenda staan. Maar wat kan gedoen word om hierdie PROBLEEM op te los? Wat is die oplossing wat die Here Jesus self gee? Hoe lyk sy Verlossingsplan in die praktyk?

Die Here Jesus se PLAN

Christus se plan begin by die heel begin. Dit begin by GEBED. *“Bid dan! Bid voor julle begin. Die sleutel is gebed. Die oes is groot en die arbeiders is min. Maar het jy dit ook raak gelees? Twee keer word dit beklemtoon! Hierdie is nie Petrus of Johannes of jou of my oes nie. Née: “Bid dan die Here van die oes” en “dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.”* Die oes behoort aan Hom. Jesus Christus het met sy lewe, née, met sy heilige en onskuldige bloed daarvoor betaal. Die kerk behoort aan God! God is self die voorsitter van die Sendingkommissie! Die voorsitter van die Kerkraad, van die

Jeugwerk, van die Finansies, van die Susters! En die hele wye wêreld daarbuite is syne!

Dis oestyd! Ek en jy, die Here se kerk, word die wereld ingestuur om hierdie heerlike taak te verrig. Nie in eie krag nie, deur die krag van die Heilige Gees wat ons toerus en bekwaam. Mag die portret, probleem en plan van God se koninkryk jou tot gebed en aksie aanspoor!

Sing: Psalm 103:10 (1936)

Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)

14 November

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21 (1933/53- en 1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 3:16

God het die wêreld lief

Sou jy 'n gelowige vra watter teks in die Bybel die evangelie die beste opsom, sal nege uit tien jou seker na Johannes 3:16 verwys. Sonder twyfel dié bekendste vers in die hele Bybel. Eenvoudig. Kort. Kragtig. Asemrowend mooi. Kosbaar vir God se kinders. Die goeie nuus van die evangelie in 'n neutedop! *“God het die wêreld lief.”*

Graag praat ons oor God se liefde. Luister gretig na preke oor die liefde. Ons belydenis *“God is liefde”* laat waarlik ons harte juig. Tog bestaan die gevaar dat ons God se liefde as vanselfsprekend aanvaar. Dat ons nie meer opgewonde raak oor die feit dat God ons liefhet nie. Dat die oorbekende troos- en hartswoorde van Johannes 3:16 nie meer enige reaksie wek of effek het nie. Dat die Here se intieme liefdesverklaring by baie verbygaan. Ons hoor dit, ons weet dit, maar dit sink nie in nie. En die gevolg? Kort voor lank word jou hart louwarm en begin jy jou eerste liefde verlaat!

In die eerste plek is hierdie 'n vers oor God. Tweedens is dit ook 'n vers oor die wêreld. God het die wêreld so liefgehad! Onthou weer: Jesus praat met Nikodemus, 'n Fariseër. Vir hierdie verkrampde Jood sou die woorde – *“God het die wêreld lief”* – onaanvaarbaar vreemd wees. Dit sou hom skok! Want die Jode – en veral die Fariseërs – wou niks van die wêreld en sy mense weet nie. Hulle het geglo dat hulle alleen God se uitverkorenes is, en dat al die beloftes en seënings van die Ou Testament net vir hulle bedoel was.

Ja, Nikodemus sou eerder wou hoor: *“God het die Jode so liefgehad ...”*, maar nou kom die Here Jesus met die radikale uitspraak: *“God het die wêreld so liefgehad.”* Dit beteken: die Here het 'n véél groter plan in gedagte. Op Pinksterdag sou dit momentum kry toe Hy die evangelie van versoening ook aan ander tale en volke gebring is. God se liefde is vir die Jode, maar dit strek véél wyer. Dit sluit die ganse wêreld in. Van Jerusalem, Judea, Samaria tot die uithoeke van die aarde!

Ons moet ook verstaan “hoe en wat” die wêreld is. Nogal 'n ontnugterende openbaring. Sonder God is die wêreld 'n bose en donker plek. In 1 Johannes 5:19 lees ons: *“dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is.”* Sedert die sondeval kies die mens om teen God te rebelleer en te swig onder Satan se liste. Die wêreld is die plek waar ses miljoen Jode in strafkampe in gaskamers gesterf het. Waar 27 000 Boerevrouens en kinders in konsentrasiekampe die hoogste offer gebring het. Waar elke dag duisende ongebore babatjies op die wreedste wyse vermoor word – deur aborties. Nogal in 'n beskaafde en Christelike samelewing. Ja, die wêreld is 'n bose plek. Daar is geen goedheid in die wêreld om God se liefde aan te trek of te verdien nie. Intendeel, in Romeine 1 en 2 lees ons hoe die wêreld en sy mense die rug op God gekeer en Hom verwerp het. As Jesus dus vir Nikodemus sê: *“God het die wêreld so liefgehad”*, verkondig Hy die beste nuus wat die wêreld ooit kon hoor. Dis asof die wêreld eerder

begeer om so ver as moontlik van God af te leef, maar God gryp in. Hy sê as't ware: "STOP! Ek het jou lief. Julle wil ver van My af wegkom, maar Ek sal dit nie toelaat nie. Ek sal my Seun stuur om te ly en te sterf, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê ... WANT – Ek het die wêreld so lief!"

Dink daaroor. Die wêreld was sonder God en sonder hoop, maar Hy het die wêreld lief. Wanneer dit jou hard tref en jy dit nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie, dan wil jy dit uitjubel en uitsing: God het die wêreld lief! Hy het ons nie oorgegee aan ons sonde en die ewige dood nie, nee: Hy het ons lief! Hy het dit aan ons bewys. Hy het sy Seun gegee. Glo dit en lewe!

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)

15 November

Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25

Fokusgedeelte: Johannes 20:19, 21 (1933/53- en 1983-vertaling)

Die vrede van Christus verdryf alle vrees

Die dissipels was as't ware soos 'n groepie ter dood veroordeelde gevangenes in 'n pikdonker dodesel. Die enigste verwagting wat nog vir hulle oorgebly het, was die geluid van die naderende voetstappe van die laksman en die geknars van die sleutel in die slot. Aan die deurkosyn van daardie huis waarin hulle bymekaar was, kon hulle netsowel 'n bordjie opgehang het met die inskripsie: *“As jy hier wil inkom, moet jy bereid wees om alle hoop te laat vaar.”* Want Jesus is gekruisig! Hy is dood!

Terwyl hulle daar in die bo-vertrek probeer sin maak het van wat alles gebeur het, vind die allerheerlikste wonder plaas. Op 'n ongewone, wonderbaarlike wyse het die Here die huis ingekom en voor hulle gaan staan. Geen deur of muur of slot kon die opgestane Koning keer nie. Dan hoor ons van die heel mooiste woorde in die hele Bybel: *“Vrede vir julle!”*

Wanneer Jesus dan so voor hulle staan en met deernis en liefde na hulle kyk, dan weet Hy wat hulle die nodigste het. Ja, hulle mis nog die vrede, die enigste ware vrede, sy vrede! Voor sy dood was dit maar 'n belofte, maar nou kan en wil Hy dit met hulle deel. Nou dra Hy aan sy verheerlikte liggaam die tekens van die wonde wat die vrede gebring het. Op Golgota het Hy as Vrededors die gelowiges met God versoen, vir hulle sondes gesterf en so die vrede tussen God en mens herstel. En juis daarom kon Hy uitroep: Dit is volbring! Want nou was die prys betaal en sy vredeswerk afgehandel.

As die Prins van Vrede het Christus aan die kruis die sonde en Satan oorwin. Hy het met sy dood en opstanding die graf oopgebreek en daardie Sondagoggend as Oorwinnaar uit die stryd getree. Nou moes Hy nog net as die Triomferende Koning opvaar om sy ereplek langs die Vader weer in te neem. Maar voordat dit kon gebeur, moes sy gemeente, sy volgelingen, sy dissipels éérs hierdie vrede ontvang! Moes hulle eers self glo dat Hy hulle ewige Koning en Here is. En daarom bring Christus hulle tot geloof en oortuig Hy hulle deur sy wonde en spreek Hy sy seën oor hulle uit.

Daardie seën het die verskil gemaak. Ja, die vrede het Hy deur sy Heilige Gees in hulle harte gelê. En alleen sy Gees, alleen sy teenwoordigheid in hulle, kon die vrees en twyfel en ontsteltenis verdryf en verban. Alleen sy Heilige Gees kon weer hulle harte sterk maak en hulle met innerlike gemoedsrus en geloofsvertroue vervul. Meer nog, Christus se vrede het hulle *“onmiddellik bly gemaak”*. Toe hulle die Here erken vir Wie Hy werklik is, toe hulle die krag van sy Gees in hulle harte ervaar – toe verander hulle tranes in blydschap.

Het die Here nie ook dit voor sy dood aan hulle belowe nie? Ja, in Johannes 16:16 e.v. hoor ons Hom aan hulle sê: *“Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer*

'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien ... Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander."

En ons, geliefdes? Wat van u en my? Het ons nie ook hierdie selfde vrede, hierdie nuwe lewe, hierdie lewende hoop as erfenis van die Here ontvang nie? Die vraag is nou: Wat maak ons met hierdie seën? Aanvaar ons dit? Maak ons dit deel van ons toerusting? Leef ons dit uit? Bring dit vir ons troos en blydschap?

Jesus het sy dissipels, sy kerk, vir u en vir my uitgestuur om met sy seën te gaan werk. Te gaan werk waar Hy deur sy Heilige Gees aan die werk is. Voor ons lê 'n vyandige wêreld wat niks van die Koning wil weet nie – wat moet ons doen? Onself uit vrees toesluit, afsonder, ons deure sluit? Nee, Christus se vrede, sy krag moet ons aanspoor en dryf om sy koninkryk te bevorder.

Sing: Psalm 68:1, 2 (1936)

Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)

16 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees maak jou 'n getuie tot in die uithoeke

Net voor sy hemelvaart het Jesus belowe: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Hierdie belofte het Jesus nagekom. Die Heilige Gees hét oor sy dissipels gekom. Hulle hét krag ontvang en hulle hét oor Jesus getuig. So het God deur hulle 'n “nuwe begin” gemaak: die totstandkoming van die eerste Christelike gemeente in Jerusalem, die uitdra van die evangelie ook aan nie-Jode en die stigting van talle gemeentes tot in die uithoeke van die wêreld.

Jesus gee steeds sy Heilige Gees aan sy kerk. So ontvang jy ook krag en maak die Heilige Gees jou 'n getuie. Jy dra ook by tot die uitdra van die evangelie, sodat God 'n nuwe begin in mense se lewens kan maak.

Getuie wees beteken om eersteponds te kan praat. Dit kan alleen gebeur indien die Heilige Gees jou lewe beheer en die evangelie in jou leef! Getuie wees bestaan ook en veral uit die dinge wat jy doen. Dade praat harder as woorde. Die “uithoeke van die wêreld” sluit al die terreine van jou lewe in. Dáár moet dit wat jy sê en doen, daarvan getuig dat Jesus leef!

Daar is baie uitdagings daaraan verbonde om 'n getuie te wees. Die dissipels het destyds baie teenkating ervaar. Behalwe vir die teenkating wat ons ook ervaar, maak die eise van die lewe dit soms vir ons moeilik om te getuig. Dit is so maklik om moed op te gee. Die Heilige Gees gee egter vir jou die krag om voort te gaan. Jy kan en moet 'n getuie wees.

Sing: Skrifberyming 1-1:6

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)

17 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-14

Fokusgedeelte: Handeling 1:12-14

Voorwaarts mars in die krag van die Gees

Jesus het verskeie kere na sy opstanding aan sy apostels verskyn. Eenkeer het Hy hulle beveel om nie van Jerusalem af weg te gaan nie, maar om te “*wag op die gawe wat die Vader belowe het ...*” (vs 4). En daardie “gawe” was dat hulle “*met die Heilige Gees gedoop (sal) word*” (vs 5). ’n Ander keer het Jesus vir hulle gesê *waartoe* hulle met die Heilige Gees gedoop gaan word ...! “*Julle sal krag ontvang ... en julle sal **my getuies** wees...*” (vs 8). ’n Getuie getuig van wat hy gesien en gehoor het (Hand. 2:4-6). Dit was die apostels se taak!

Na hierdie taakoms krywing vaar Jesus op na die hemel. Die volgende wat ons lees, is dat twee engele vir die apostels sê: “*Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.*” Hier word belowe dat Jesus weer kom. Al het Hy so pas opgevaar, is Hy besig om aan sy wederkoms te werk. Hy is besig om sy bruidskerk vir die bruilof van die Lam voor te berei (Op. 19:7-9). Daarom die vraag: “Wat staan julle so na die hemel en kyk?” Dit is ’n onvrugbare tydverdryf. Daar is werk om te doen op die aarde – hy wat die koms van die Here die dringendste verwag, werk die hardste daarvoor op aarde (Matt. 24:45-51). Daar is ’n evangelie waarvan getuig moet word.

Dit is juis wat die apostels na hierdie engele-vermaning gedoen het. Hulle is Jerusalem toe, na die bovertrek ... en het “*volhard in gebed*”. Waarvoor het hulle gebid? Om die vervulling van die *belofte* van die Gees (vs 4, 5, 8). Om die Heilige Gees te ontvang, was vir hulle onontbeerlik ... deur Hom kon hulle vir God lewe en getuig. Deur sy krag kon hulle meewerk aan die wederkoms van Christus deur van Hom te getuig.

Die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees is vervul. Ons moet egter steeds bid dat die Gees in ons sal woon en werk (Luk. 11:13). Die wederkoms van Jesus Christus is nog net ’n belofte. Hoe wag ons op hierdie beloftevervulling? Hou ons ons sinvol besig deur in die krag van die Gees te getuig van die ware lewe in God? Of verwyf ons ons tyd op onvrugbare praktyke?

Die kerk van die Here sal alleen kan groei ... in getal en geloof ... as ons weer diep afhanklik van die Gees in woord en daad sal lewe om God aan hierdie wêreld bekend te stel. Hy kom weer ... en dan sal sy bruid saam met Hom feesvier.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. AB (Braam) van der Walt (Lichtenburg)

18 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13

Fokusgedeelte: Handeling 2:1-3 (1933/53- en 1983-vertaling)

Die eerste vertaaldiens

Met Paasfees het Jesus saaiwerk gedoen – Hy het Homself gegee. Met Pinkster begin Christus met die oes van sy kerk. Pinkster was immers oesfees (Eks. 23:16).

Die Heilige Gees neem die leiding in hierdie oeswerk (vgl. Hand. 8:29, 10:19, 11:12, 11:28, 13:2). Hy werk met goddelike mag deur gelowiges. (vgl. Hand. 1:8, 4:31, 13:9). Op Pinkster kom die Gees skielik (verrassend) met 'n dreunende rukwind (vgl. Eseg. 37:9-14, Joh. 3:8).

Sy werk is dikwels stil soos die wind, maar die resultate is dramaties. Hy werk kragtig, onkeerbaar. Hy kom met die sigbare teken van vuur – die teken van goddelike mag. Hierdie vuur verdeel in “tonge” wat op elkeen van die dissipels gaan sit – elkeen ontvang sy blywende porsie van die Gees se leiding en kragtige werking. En wat gebeur? Elke dissipel word deur die Gees bemagtig om in 'n ander taal van die wêreld te praat oor die magtige dade van God. Hier vind ons die eerste “vertaaldiens”. Die Gees wil die evangelie aan almal verstaanbaar en toeganklik bekendmaak. Die evangelie moet immers van Jerusalem na Judea en Samaria versprei, en uiteindelik na die uithoeke van die wêreld (Hand. 1:8).

Dank die Here vir vertalers wat die Bybel vir die volke in die een na die ander taal vertaal. Maar het jy mooi opgelet – elkeen ontvang 'n porsie van die Gees om onder sy leiding en met sy goddelike krag die evangelie na buite te versprei – ook jy. Daar is soveel verlore mense onder die nasies. Dink mooi: Wat kan jou aandeel wees om die evangelie verder te neem na sonde-verlore mense onder die nasies? Deur jou aandeel deel jy in die heerlike feesvreugde van Christus se oesfees, totdat mense uit elke volk en taal jubelend om Christus se troon sal staan (Op. 7:9-10).

Sing: Psalm 145:1, 3, 9 (2001)

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

19 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:22-36

Fokusgedeelte: Handeling 2:22-24

Die krag van Christus se dood!

Die uitstorting van die Heilige Gees en alles wat daaruit voortgespruit het, is die BABA wat uit Christus se dood gebore is! Gaan dink aan die enorme vrug/gevolg hiervan ... ook vir jou lewe en die hantering van alle uitdagings vorentoe ...

Die feit dat Jesus die Nasarener gekruisig is, is die egte bewys dat God in en tussen ons is! Sy wondertekens en die kragtige daad is niks anders nie as die geloofsbrief vanaf God dat Hy in ons midde is! God het met Jesus se kruis en dood hande en voete onder ons gekry! Prakties 'n werklikheid geword ook in ons gebroke wêreld!

Wat meer is, ons is daarvan oortuig dat selfs dié grootste onreg in hierdie wêreld gepleeg nie buite God se beheer, nie eens buite sy heilige wil is nie! Eers wanneer jy dit verstaan, kry jou lewe balans. Jy besef God staan ook oor die slegte en die onreg wat ons ervaar nie onverskillig of magteloos nie.

Inteendeel. Christus se dood word die krag, die GEBOORTEPYNE van 'n NUWE BEGIN! Sy dood en opstanding bring die nuwe era van die Heilige Gees en alles wat daarmee saamgaan, voort! 'n Nuwe begin wat nie gekeer kan word nie! 'n Nuwe lewe waarmee jy gewillig word om van sy groot daad in jou lewe te getuig!

Sing: Psalm 47-1:1, 3

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)

20 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:36-42

Fokusgedeelte: Handeling 2:36-42

Tref dit ons as kerkverband en vir jou persoonlik nog diep in die hart dat Jesus jou Verlosser, *Here* en *God se Gesalfde* is (vs 36)? Of is hierdie verlossingswaarhede vir ons al só oorbekend dat dit ons glad nie meer raak en jou daad glad nie meer beïnvloed nie?

Op die dag van die Pinksterfees is die Heilige Gees uitgestort. Die kerk van die Here ontvang die volle vrug van Jesus Christus se verlossingswerk. Ons bely in die Nagmaalsformulier dat die Here Jesus met sy kruisdood en bloedstorting vir ons die lewendmakende Gees verwerf het. Deur die werking van die Heilige Gees kry die ware kinders van God deel aan Christus en al sy weldade en ontvang hulle vertroosting. Deur die werking van die Heilige Gees word die heerskappy van Jesus as Here 'n onbetwisbare werklikheid en ontvang die ware gelowiges die vrug van Jesus se werk as God se Gesalfde (lees Jes. 61:1-3). God die Vader maak Jesus Here en Christus, en deur die werking van die Heilige Gees kry die ware gelowiges deel aan die werk van Jesus as Heerser en as God se Gesalfde. Dít tref dié mense wie se harte deur die Here voorberei is vir die prediking van die apostel Petrus, diep in hulle gemoed. Iets kom los in die koue, harde harte van dieselfde mense wat Jesus dae vantevore nog gekruisig het, en hulle vra: “Wat moet ons doen, broers”? Petrus se antwoord roep die mense op tot geloofseenheid met die Here Jesus. Deur bekering draai hulle van die sonde af weg en stel hulle hulself deur die werking van die Gees onder die heerskappy van die Here Jesus en ontvang hulle in hulle geloofseenheid met die Here Jesus die nuwe lewe. Die sondige bestaan is beëindig en in Jesus se opstandingskrag gaan hulle oor tot 'n nuwe lewe! Deur die werking van die Heilige Gees neem die mense die prediking van Petrus aan – hulle kom tot ware geloof (vs 41): nie 'n formele geloof nie, maar lewende, saligmakende geloof! En as vrug van hulle geloof volhard hulle in die ware leer, leef hulle as medegelowiges in die eenheid van ware liefde saam en volhard hulle in gebed.

As kerkverband besin ons oor 'n “omkeerstrategie”. Mag die beginpunt van ons “omkeer” daarin lê dat ons opnuut diep geraak word dat Jesus ons Here en God se Gesalfde is. Mag ons koue, harde harte deur die Gees van God ontvanklik gemaak word vir die verkondiging van Jesus as Here en die Gesalfde van God, en mag ons hierdie verkondiging in 'n ware, lewende, saligmakende geloof aangryp. Mag die Here ook die heerlike vrug van hierdie geloof in ons kerke en in jou lewe gee: volharding in die suiwer leer, volharding in die eenheid van ware liefde en volharding in gebed. Só word die kerk van Christus – so word jý – 'n stem wat lok, roep en trek en so sal almal wat God deur ons roep, deelgenote van die heerlike, volle vrug van Jesus se verlossingswerk word! Tot sy lof en eer!

Sing: Skrifberyming 3-3:1-6

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)

21 November

Skrifgedeelte: Handeling 3:1-10; 4:1-22

Fokusgedeelte: Handeling 4:20

Goeie nuus moet vertel word!

Jonie Eareckson Tada, 'n Amerikaanse vrou, is al vir meer as 40 jaar in 'n rolstoel nadat sy as jongmeisie haar nek in 'n duikongeluk gebreek het. Vanuit haar rolstoel bedryf hierdie gelowige vrou 'n wêreldwye organisasie wat hulp aan gestremdes verleen. As sy sterf, sal dit sekerlik gou oor die hele wêreld bekend raak. Maar dink net wat sal gebeur as sy vandag, na meer as 40 jaar, uit haar rolstoel opstaan – volkome genees. Dit is nuus wat soos 'n veldbrand sal versprei. Oor die radio, TV, internet en al ons moderne kommunikasiemiddele sal dit wêreldwyd uitbasuin word. Sulke goeie nuus sal nie stilgehou kán word nie!

Petrus en Johannes het ook sulke goeie nuus gebring, die nuus dat “die opstanding uit die dood ... 'n werklikheid geword het” (4:2). Boonop het hulle ook in die Naam van Jesus Christus 'n man wat al meer as 40 jaar verlam was, genees. Die goeie nuus wat hulle bring, laat hulle egter in die tronk beland, en die leiers van die volk verbied hulle met dreigemente om dit geheim te hou – die nuus moet nie versprei nie.

Petrus se duidelike en besliste antwoord is: “Dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie” (4:20). Wat is dit wat hulle gesien en gehoor het? Niks anders nie as die werke en die woorde van Jesus Christus – sy werke van lyding, krusiging, opstanding; en sy woorde van liefde en genade – werke en woorde wat verlossing vir die wêreld bring; die beste nuus wat daar nog ooit was! Daarom praat ons ook van die verlossing wat Jesus Christus gee as “evangelie”. Dit beteken letterlik “goeie nuus”.

Ons het nie self die werke van Jesus gesien nie, maar ons weet daarvan: die apostels en profete het dit – onder leiding van die Heilige Gees – vir ons op skrif gestel. En in die Skrif hoor ons vandag nog sy woorde weerklink. Wanneer ons die Bybel lees, dit Sondae in die erediens hoor, hoor ons die wonderlike goeie nuus van redding.

Hoekom bly ons tog so maklik stil oor hierdie goeie nuus? Hoekom babbel ons nie sonder ophou daaroor nie – dit is wat die woord “praat” hier heel letterlik kan beteken. Meer nog: dit is ook 'n opdrag van die Here self aan elkeen van ons: die goeie nuus moet wêreldwyd weerklink (Hand. 1:8), teen alle weerstand in! En die hele wêreld kan dan uitroep: “Hoe wonderlik klink die voetstap van dié wat die goeie boodskap bring” (Rom. 10:15).

Sing: Psalm 67:1, 2

Ds. FJ (Frans) van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)

22 November

Skrifgedeelte: Handeling 7:54-60

Fokusgedeelte: Handeling 7:56

Vrymoedige getuies, want Jesus sal vir jou instaan!

Stefanus sterf terwyl die klippe op hom neer reën. Die eerste Christelike martelaar. Hy is voor die Joodse Raad gesleep. Hy getuig openlik van die waarheid. Die woede van die mense is onkeerbaar. Die duiwel hits hulle aan en hulle begin klippe gooi. Maar Stefanus bly nie stil nie. Het Jesus dan nie gesê dat hulle *getuies* (Hand. 1:8) moet wees nie? Die woord “getuie” kan in die Grieks ook *martelaar* beteken. En nou gebeur dit. As hulle dit met die Herder gedoen het, kan hulle dit ook met ons doen. Ons moet ons nie laat afskrik nie.

Die rede vir die volharding in vrymoedigheid by hierdie jong diaken van Christus kom egter nie uit sy eie krag nie. Daarvoor is hy te veel mens. *Dit kom deur die geloof*. Geloof beteken immers om God op sy beloftes te neem en dit beteken ook tweedens om die on sienlike te sien.

Stefanus hou eerstens gelowig vas aan die *belofte* van Jesus dat ons nie bang moet wees as ons voor belangrike mense moet getuig nie, want God sal ons help en die woorde gee wat ons moet praat (Matt. 10:16-20). Maar tweedens *sien* hy ook deur die geloof dat Christus, wat aan die regterhand van God *sit*, nou opeens aan die regterhand van God *staan!* Hy sien deur die geloof dat Jesus in die hemel vir hom (en dus vir alle martelare) *opstaan* voor sy Vader en die heilige engele (vgl. Luk. 12:8). En so sal die Vader sy engele opdrag gee om ons op die hande te dra (Ps. 91). As almal teen ons is, dan is ons Herder vir ons. Ons Here is ons Advokaat en Voorspreker by God. En as Jesus Christus self vir ons is, wie kan dan nog teen ons wees?

Die grootste enkele rede waarom ons as Christene soms sulke swak getuies is, is die *vrees* vir mense. Ons kan die vrees egter te bowe kom deur soos Stefanus te *glo* dat Jesus ons Voorspreker en Advokaat is en vir ons in die bresse sal tree. Hy sal sorg dat ons die krag en vrymoedigheid het om vir Hom te getuig. Hy sal deur sy Gees vir ons die woorde in die mond lê. En as ons getuie-wees miskien lyde en sterwe moet inhou, sal Hy ons daarin ook nooit alleen laat nie!

Sing: Psalm 59:1, 5, 10

Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)

23 November

Skrifgedeelte: Handeling 8:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 8:4

Swaarkry versprei die evangelie wyd

Die gedeelte wat die vermoording van Stefanus beskryf, laat grusame beelde by ons opkom. 'n Mens word in die naam van geloof met uiterste haat met klippe doodgegooi! Ons lees ook van die aandeel wat Saulus daarin gehad het. Saulus wat later Paulus geword het. Eers vervolger van die kerk en toe uitdraer van die evangelie wat self hewige vervolging gely het.

Die kerk in Jerusalem is sodanig vervolgd dat die lidmate moes vlug. Hulle is uitmekaar gejaag en oor die gebiede van Judea en Samaria verstrooi. 'n Mens kan jou indink watter nood en lyde hulle moes deurgaen. 'n Hele lewensbestaan van gesinne is omvergewerp.

Waarom? Sodat die evangelie versprei moet word. In Matteus 28:18-20 het Jesus sy bekende sendingopdrag gegee. Toe die eerste gelowiges in Jerusalem nie daaraan gehoor gegee het nie, het die Here die vervolging beskik sodat die evangelie versprei kan word. Die gelowiges wat uit Jerusalem moes vlug, het oor die hele Judea en Samaria versprei. Dit is opmerklik dat hulle nie oor hulle omstandighede gekla het nie. Hulle verleentheid het God se geleentheid geword om die evangelie (die Blye Boodskap van die Woord) te verkondig.

Hierdie verkondiging was nie uit eie krag nie, maar op grond van Jesus se belofte in Handeling 1:8. Hulle is deur die Heilige Gees daartoe gelei. Die inhoud van hulle boodskap was die verlossing deur Jesus Christus alleen. Filippus (een van die sewe diakens) het Christus in 'n stad in Samaria verkondig. Die inhoud van sy verkondiging is bevestig met die wondergenesings wat daar plaasgevind het. Die gevolg was groot blydschap.

'n Paar gedagtes vir selfondersoek:

- Wanneer ek swaarkry, kla ek of verkondig ek die Woord?
- Die apostels het in Jerusalem agtergebly. Dit was dus gewone lidmate wat in hulle omstandighede die evangelie versprei het. Wat doen ek?
- Is ek bly wanneer die evangelie grense (Samaria) deurbreek?

Deur God se genade het vlugteling sendelinge geword.

Sing: Psalm 119:25 (1936)

Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspuit)

24 November

Skrifgedeelte: Handeling 8:26-40

Fokusgedeelte: Handeling 8:29

Gaan waar Heilige Gees jou stuur

En daar gaan hy ... “Verstaan u wat u lees?” Sou jy dit kon doen? So wonder ons dikwels oor die werk van die apostels. Hulle praat met vrymoedigheid terwyl hulle vervolgers hulle aangeluur, hulle maak gesond, wek op, spreek sonde aan en nog meer. Maar hier het ons met Filippus te doen. Hy is geen apostel nie, hy is “maar net” ’n gelowige. Hoe weet Filippus dat hy moet gaan, en hoe kan hy seker wees dis die Gees van God?

Dit kom uit die beloftes van Jesus tydens sy hemelvaart, dat sy volgelinge krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. En so kragtig werk die Gees dan dat ons eintlik van *die Handeling van die Heilige Gees* moet praat. Petrus verstaan skielik die betekenis van die geskryfte en preek kragtig. Stefanus sien die heerlijkheid van God en terwyl hulle hom doodgooi, het hy die krag om te vergewe.

Om op die Gees te vertrou vir leiding en krag, was vir die vroeë kerk niks vreemds nie, want dit is hoe Jesus belowe het dat Hy by hulle sou wees. Dit mag vandag ook nie anders wees nie. Wanneer ons waarlik dissipels (volgelinge) van Jesus is, moet ons Hom so intiem volg dat die mees natuurlike ding is om te gaan waar die Heilige Gees my stuur. Dan sal dit nie uitgesonder word as “tekens van die Gees nie”, maar wel gehoorsaamheid aan die Gees.

Die vraag is: Volg ons die Here Jesus Christus so volkome dat ons sal weet as die Gees ons stuur? Dat dit die mees natuurlike ding vir ’n kind van God sal wees? Mag jy die opdrag duidelik hoor: GAAN!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. HV (Henning) Venter (Pinetown)

25 November

Skrifgedeelte: Handeling 9:1-6

Fokusgedeelte: Handeling 9:4-6 (1933/53-vertaling)

God draai dié wat teen Hom is, heeltemal na Hom toe

Hierdie gedeelte is van die grootste draaipunte wat daar in die Nuwe Testament was. Paulus (Saulus van Tarsus) een van die grootste vervolgers van die gelowiges (vgl. Hand. 7:58; 8:1, 3; 9:1-2) word deur God gekies om die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld uit te dra. Die mees omvattende uitbreiding van God se Koninkryk vind plaas wanneer God hierdie Paulus tot een van sy ywerigste werkers van alle tye omdraai.

Voordat Paulus mense na Jesus (dié Weg – vgl. vs 2) kon “draai”, het God geweet hoe om Paulus voor te keer, hom om te draai dat hy nie meer teen die Weg sou wees nie, maar ten volle in die “Weg” sou wandel.

Al was hy soos ’n bloedhond op pad na Damaskus, word hy voorgekeer en ineens neergevel om persoonlik voor die lewende Christus te staan. Die lig van God se heerlijkheid het hom neergevel. Wie hom/haar teen God wil draai, kan nie voor God bly staan nie. Hy bly wel by sy volle bewussyn. Hy wat net een missie na Damaskus gehad het, om as vervolger van Christus sy volgelinge dieselfde kwaad aan te doen, soos vir Stefanus, hierdie vervolger moet deel van die “Missio Dei” (God se sending!) word.

Hy word bekeer om as vervolger om te draai, na ’n volgeling van Hom rondom Wie alles moet draai. Sy persoon (en sy oë – vs 8) word omgedraai, maar nie sy roete nie. Steeds moet hy na Damaskus gaan om presies die teenoorgestelde te doen as wat sy voorneme was. Hy wat die verkondigers daar wou boei (vs 2), het op dieselfde reis moes gaan om nou verkondiger te word. Hy ontdek dit wat hy later skryf – “maar die woord van God is nie gebonde nie” – (2 Tim. 2:9c). Die Woord van God kan nie geboei word nie. Die Here kan in sy vrymag omstandighede ten goede aanwend.

Al moet hy verder as blinde na Damaskus gelei word, is dit juis die teken dat wie hom/haar op die regte weg bevind, waarheen God jou draai, oë sal verkry om die on sienlike te sien. Ja, om die stem van die Here te hoor en te antwoord as Hy hom vra: “Waarom vervolg jy My?” Hierdie “My” het Paulus omgedraai op ’n pad wat Hy altyd weer na moes terugdraai.

Sing: Psalm 25:2, 4 (1936)

Ds. PJ (Petrus) Venter (Pretoria)

26 November

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 13 en 14

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 14

Ons hulp is in die Naam van die Here

Abia het 'n kort, maar kragtige regeringstyd van drie jaar gehad. Sy groot probleem was sy ma, Maäka, die weduwee van Rehabeam. Sy was 'n Ammonitiese vrou en het 'n afgryslieke beeld vir die godin Asjera gemaak (2 Kron. 15:16).

Abia het dié dinge toegelaat. Soos sy pa, was sy hart nie volkome by die Here nie (1 Kon. 15:3). En tog bely hy op die slagveld teenoor die oormag Israëliete van die Noordryk: “Die Here is ons God, en ons het Hom nie verlaat nie ... By ons is God aan die hoof ...” (13:10, 12). Toe die oormag van Israel die manne van Juda aanval, het hulle na die Here om hulp geroep (13:14). Hy het geluister en aan hulle 'n groot oorwinning besorg.

Abia se seun, Asa, het 'n lang en voorspoedige regeringstyd van 41 jaar gehad. Ook Asa het in groot nood tot die Here geroep. Die Kussiet Serag het Juda met 'n geweldige oormag binneval en Asa het sy hulp by die Here gesoek: “Help ons, Here ons God, want op U steun ons, en in u Naam het ons teen hierdie menigte gekom” (14:11). Die Here het geluister. Die vyand is verpletter en het gevlug. Daar was 'n groot buit vir die Judeërs.

Wanneer ons op die Here vertrou, gee Hy uitkoms op maniere wat ons verwagtings ver oortref – al is die uitkoms soms anders as wat ons wou hê. Die siener Ganani herinner Asa daaraan: “Die Here het sy oë oral op die aarde, sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou” (2 Kron. 16:9).

Sing: Psalm 124:1, 4

Prof. PP (Paul) Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)

27 November

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:26-29

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:28

Die evangelie van Jesus Christus maak geen onderskeid nie

Die groot opdrag in Matteus 28, “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ...” is sonder grense. Wanneer die evangelie van genade ’n mens dring om die nuus te deel, is sosiale, rasse- en geslagsvooroordele irrelevant. Dit maak Paulus baie duidelik in hierdie gedeelte.

Dit was werklik ’n radikale stelling vir Paulus om te maak, want die Jood van daardie tyd het oor homself as deel van God se baie spesiale volk gedink. Hulle is uitgekies onder al die volke van die aarde en kon sê God is hulle God. Tussen ’n slaaf en ’n vryman was daar destyds ’n gapende kloof, waar die vryman amper ten opsigte van alles in die lewe bevoordeel is – ook wat godsdiens betref. Ons weet ook dat tussen man en vrou daar reuse ongelykheid in die huis, samelewing en veral op godsdienstige terrein geheers het.

Geloof in Christus en die doop (alle gelowiges is gedoop) draai al hierdie dinge op hulle kop. Die onderskeid bestaan nie meer nie. Daar is net een identiteit wat nou geld, en dit is dat almal kinders van God is. Hulle is kinders van God omdat hulle een is met Jesus Christus, die Seun van God. Nou is almal een groot familie.

Ons huidige samelewing is nie veel minder verdeeld en verskeurd nie. Daar is steeds vandag baie vooroordele wat soms diep gegrond is. Dis hier waar die evangelie van Jesus Christus steeds radikaal is, want dis hier waar daar geen onderskeid te maak is nie. Die kerk word geroep om nie verskille en onenigheid te laat seëvier nie, maar juis met die evangelie sonder voorbehoud van enige aard na alle mense te gaan. Dis waar Christus steeds en reeds aan die werk is.

Sing: Skrifbelyning 1-4:1, 3, 4

Ds. E (Emile) Naude (Eden)

28 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:13-18; 3:5-7

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:6

Christus stuur ons om aan 'n nuwe mensheid te bou

Met die lewe en dood van Christus, sê Paulus, het Hy een nuwe mensheid tot stand gebring (vs15). Hy het iets nuuts geskep ... die kerk. Dit het Hy gedoen deur sy liggaam te gee. Daarmee bedoel Paulus sy sterwe aan die kruis op Golgota waarmee Hy vrede bewerk het. Vrede tussen God en die sondaarmens deur die betaling van die skuld van die sonde van die mens, en vrede tussen mens en mens. Jode en nie-Jode is bymeekaargebring en met God versoen en tot een liggaam verenig (vs 16).

Die Jood het van homself gedink as rein en alle nie-Jode is onrein. Jesus het deur sy offer die reiniging van die nie-Jood bewerk en die wette wat aanleiding gee tot die vyandskap opgehef en hulle een gemaak. Daarom is Hy die Vredevoers (soos Jesaja reeds voorspel het).

Hierdie een, nuwe mensheid is deur die profete verkondig, maar nooit is verwag dat die enigste voorwaarde wat sou geld, die verbondenheid met Jesus Christus sou wees deurdad hulle in Hom glo nie. Dit is die geheimenis wat nou geopenbaar is. Dit is die krag en redding van God, en dit is die groot voorreg en genade van God wat vir Paulus en vir jou en vir my roep om met die geheimenis te werk.

Dit is ons vreugde om in gehoorsaamheid aan hierdie nuwe mensheid te bou. Elke dag, waar ons ook al kom, word ons geroep om die evangelie te verkondig en vrede te bring wat God bewerk ... om Christus te bring wat ons vrede is.

Sing: Psalm 100:1, 2, 4

Ds. E (Emile) Naude (Eden)

29 November

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14

Fokusgedeelte: NGB, Artikel 26

Die waardigheid van ons Middelaar

“Alles sing,” sê die wetenskaplikes. Tot die maan brom ’n onhoorbare deuntjie as hy om die aarde woer. Op ’n magdom frekwensies saai die hele uitpansel “kosmiese geraas” uit.

Wat uit een perspektief “geraas” is, kan natuurlik uit ’n ander perspektief musiek wees. Soms is dit of die lewe net wanklanke oplewer, maar partykeer is dit of ons vaagweg ’n oneindige skoonheid herken, ’n soet harmonie wat oor alles spoel. Uiteindelik, voor die troon van God, kom al die klanke van die hele skepping byeen. Met Saturnus en walvisse onder die basse, wildsbokke saam met engeltenore, duiwe onder die alte en die stemme van laggende kinders tussen die soprane, dirigeer God se voorsienigheid die lied wat deur sy groot raad gekomponeer is.

God laat jou nou al weet waarom hierdie lied gaan: Dit gaan oor die waardigheid van die Lam, die waardigheid van jou Middelaar, Jesus Christus. Alles, alles besing sy eer, mag, rykdom, sterkte, lof, heerlikheid en krag tot in alle ewigheid. Terwyl die ewige lied oor Christus se waardigheid klink, word die goue bakke met die gebede van gelowiges, ook jou gebede, die troonsaal ingedra (vs 8) en op grond van SÝ waardigheid word hulle sekerlik verhoor.

Jy het dus alle rede om vanaand onder die sterre te staan en te sing: “Aan U, o Lam van God, ’n nuwe lofgesang” (Sb 5-3). Die maan en die planeete sal buig en inval.

Sing: Skrifberyming 5-3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

30 November

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6; Heidelbergse Kategismus, Vraag 53

Die Heilige Gees: uitgestuur in ons harte

Dit is 'n ander Persoon, maar tog ook Een van die Drie-eenheid, wat die Vader in ons harte gestuur het. Hy is die Gees van die Seun. Hy gaan ook van die Seun uit. Ons glo dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is.

Die Heilige Gees is in ons harte gestuur. “Hart” is die diepste sentrum van my lewe en die plek vanwaar die uitgange van my lewe is. Dieper as my gevoels- en driflewe, dieper as my verstands- en denkwêreld, dáár het die Heilige Gees kom woning maak. “Hy is ook aan my gegee,” bely ons in hierdie pragtige antwoord van die Kategismus. Innerliker in my as my eie innerlike (Augustinus) woon Hy. Dáár werk Hy in my.

Vandáár laat Hy my deel aan die Persoon van my Verlosser en Koning, Jesus Christus. Hy bewerkstellig daarvandaan die wonderlike “verruil” tussen my en Christus: al Christus se weldade (sy geregtigheid, sy heiligheid, sy vreugde, sy vrede ...) ruil die Heilige Gees om met al my sondelaste, my wanhoop, my hartseer ...! Die Heilige Gees gee my dáár die geloof waarmee ek Christus en al sy weldade omhels en in die diepste van my wese steeds meer myne maak. Christus het my immers reeds syne gemaak (Fil. 3:12). Die Heilige Gees troos my dáár in my hart met 'n dieper troos as wat ek êrens anders kan kry.

Dáár in die diepste innerlike van my bewussyn roep Hy: “Abba!” – dit is “Vader!” Só word ek van binne-uit op die asem van God die ewigheid ingedra. Uit die tempel wat Hy van my gemaak het, laat Hy lofsange, gebede en liefdesdade uitstroom.

Besef jy eintlik wát jy sê wanneer jy, dalk so vol trots, die Kategismus agterna sê: “Hy is ook aan my gegee” ...?

Dr. PP Kruger (Emeritus)